



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

DANSSTUDIES

MEI/JUNIE 2024

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 30 bladsye.

NOTA VIR NASIENERS:

- Hierdie vraestel moet deur ervare dansonderwysers/-adviseurs/-amptenare met gespesialiseerde danskennis gemerk word.
- Die standaardiseringsproses tydens die nasienriglynbesprekings verseker dat hierdie riglyne die meeste moontlike antwoorde, wat die kandidate kan voorsien, insluit.
- Die nasienriglyne mag op geen wyse verander word nie.
- Hou streng by die nasienriglyne wanneer nasien en pas konsekwent toe.
- In sekere kwalitatiewe vrae moet professionele en ingeligte oordeel toegepas word.
- In sekere vrae waar kandidate gevra word om 'n spesifieke hoeveelheid feite te verskaf, moet slegs die verwagte hoeveelheid nagesien word indien meer verskaf word.
- Inligting hoe om punte toe te ken wanneer 'n nasienrubriek gebruik word kan in die **NOTA** afdeling van daardie spesifieke vraag gevind word.
- Kandidate mag korrekte inligting insluit wat nie noodwendig in die handboek verskyn nie. Onsekerheid oor enige inligting wat deur die kandidaat verskaf word, moet deur navorsing geverifieer word, voordat daar verder gemerk word.
- Hoë, medium en lae kognitiewevlakke wat in elke antwoord verwag word, is ingesluit bokant elke vraag. Dit moet toegepas word wanneer punte toegeken word. Die beskrywende **werkwoord/instruksiewoord** in elke vraag en die **taakvereistes** moet as riglyn vir die toekenning van punte dien.
- Die stappe waardeur kandidate moet gaan om die vraag te beantwoord, word onder die opskrif- **DINK PROSES** ingesluit.
- Die nasienriglyne verskaf 'n voorbeeld van 'n antwoord in 'n teksblokkie onder die verwagte reaksies.
NOTA: Dit is om leiding te gee waar om 'n punt toe te ken. In sommige vrae, word 'n voorbeeld van 'n volpunt-antwoord waar nodig, verskaf. In ander vrae word slegs een of twee voorbeelde verskaf.
- Nasieners moet GEEN volpunte toeken vir antwoorde wat oppervlakkig/ minimaal is of waar al die vereistes van die kompleksiteitsvlak van die vraag nie nagekom is nie.
- Nasien moet geskied ten opsigte van wat die kandidate weet en nie wat hy/sy nie weet nie.
- EEN \surd = EEN punt, afhangend van die vereistes van die vraag, tot en met die maksimum punte.
- **Geen** $\frac{1}{2}$ punte mag toegeken word nie.

NASIENFORMAAT:

Vrae wat een regmerk per punt vereis:

- EEN $\sqrt{\quad}$ = EEN punt afhange van die vereistes van die vrae
- Regmerke moet geplaas word, waar 'n punt vir die inhoud toegeken is
- Skryf die totale punt vir die sub vraag/vraag in die regterkantse kantlyn

Voorbeeld:

Vraag: Wat is dans?

Antwoord: Dans is beweging van die liggaam ✓ wat emosies uitbeeld ✓ en ook 'n storie kan kommunikeer. ✓

(3)

- Waar antwoorde die maksimum punte oorskry, skryf **MAKS PUNTE** by die punt waar dit bereik was.
- Plaas die antwoord tussen hakies aan die linkerkant se kantlyn om aan te dui dat dit gelees was.

Nasien kwalitatiewe vrae:

- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Wanneer kwalitatiewe vrae gemerk word, ken slegs volpunte toe as al die areas ingesluit is.
- Kyk op die volgende bladsy in die antwoordeboek om seker te maak dat jy nie 'n gedeelte van die antwoord uitgelaat het nie
- **NOTA:** daar is spesifieke nasieninstruksies in die vrae wat van 'n nasienrubriek gebruik maak

Berekening van die puntetotaal:

- Dui die puntetotaal wat per vraag behaal is in die regterkantse kantlyn aan die einde van die antwoord met 'n diagonale lyn bo die totaal aan.
- Hierdie totaal moet herhaaldelik omkring word aan die begin van die vraag in die linkerkantse kantlyn en omsingel. Plaas jou voorletters langs hierdie totaal.

Voorbeeld:

<div style="border: 1px solid black; border-radius: 50%; width: 40px; height: 40px; display: flex; align-items: center; justify-content: center; margin: 0 auto;">8</div> <div style="margin-top: 5px;">SD</div>	VRAAGNOMMER ... Begin van die antwoord	
	Einde van die antwoord	/8

AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

VRAAG 1: DANSBESERINGS

LAE VLAK	1.2.1	Definiëring	1 punt
	1.2.3	Bespreking	4 punte
	1.2.4	Identifisering	3 punte
		OF	
MEDIUM VLAK	1.3.1	Definiëring	1 punt
	1.3.3	Bespreking	4 punte
	1.3.4	Identifisering	3 punte
	1.1	Verduideliking	4 punte
	1.2.2	Verduideliking	3 punte
		OF	
	1.3.2	Verduideliking	3 punte

	INHOUD VIR ASSESSERING	DENKPROSES Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord
1.1	Dansomgewing	1. Analiseer die foto 2. Herroep 3. Pas begrip tot die foto toe
1.2.1	Skeenbeenssplinters	1. Herroep
1.2.2	Swak onderrig en skeenbeenssplinters	1. Herroep 2. Kies toepaslike oorsake van skeenbeenssplinters
1.2.3	Behandeling vir skeenbeenssplinters	1. Herroep 2. Kies toepaslike behandeling vir skeenbeenssplinters
1.2.4	Fiksheid behou tydens herstelling van skeenbeenssplinters	1. Herroep 2. Kies toepaslike oefeninge
1.3.1	Tendonitis	1. Herroep
1.3.2	Tegniek verbande oorsake van tendonitis	1. Herroep 2. Kies toepaslike oorsake van tendonitis
1.3.3	Behandeling van tendonitis	1. Herroep 2. Kies toepaslike behandeling vir tendonitis
1.3.4	Uitdagings na tendonitis	1. Herroep 2. Identifiseer uitdagings wanneer terug na klas keur

1.1 VERDUIDELIK REDES HOEKOM RUIMTE ONVEILIG IS

NOTA:

- Kandidate moet redes in verband met die foto verduidelik
- Moet nie punte vir een-woord antwoorde toeken nie
- As meer as VIER redes verskaf word, merk slegs die eerste VIER
- Kandidate kan meer oor een area as 'n ander skryf, bv.: Die vloer is ongelyk ✓, rommelig ✓ en stukkend wat dalk beserings kan veroorsaak. ✓

Verwagte reaksies:

Alle antwoorde moet direk verband hou met die foto:

- Ongelyke oppervlak
- Rommelrig/vuil/stukkende oppervlak
- Ventilasio/vensters
- Plafon/dak/struktuur

(4)

Enige ander relevante antwoorde in verband met onveilige areas wat in die foto geïdentifiseer is

Voorbeeld van 'n antwoord:

- Hierdie spasie is onveilig om in te dans omdat die vloer ongelyk is. ✓
- Hierdie spasie het geen plafon nie en mag lekplekke veroorsaak en tot glyerige vloere lei. ✓
- Daar is objekte wat oor die vloer versprei is en kan beserings veroorsaak. ✓

1.2.1 DEFINIEER SKEENBEENSPLINTERS

Verwagte reaksies:

- Inflammasie aan in voorkant van die lae been
- Mikro skeure in die bene van die lae been

Enige ander relevante antwoorde in verband met die definisie van skeenbeensplinters

(1)

**1.2.2 VERDUIDELIK HOE SWAK ONDERRIG SKEENBEENSPLINTERS
VEROORSAAK**

NOTA:

- Moet nie punte vir algemene oorsake van beserings toeken nie. Antwoorde moet verband hou met hoe swak tegniek wat skeenbeensplinters veroorsaak
- Kandidate moet verduidelik hoe swak onderrig skeenbeensplinters veroorsaak
Moet nie punte vir 'n lys toeken nie

Verwagte reaksies:

- Gebrek aan kennis: tegniek/omgewing/metodiek/bestuur van klasse
- Terugvoering en korreksies
- Struktuur van die klas
- Onrealistiese verwagtinge

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe swak onderrig skeenbeensplinters veroorsaak

(3)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- Die onderwyser korrigeer nie die danser wanneer hy/sy spronge uitvoer nie. ✓
- Die onderwyser het onrealistiese verwagtinge omdat sy haar dansers sprong-oefeninge laat doen vir 20 minute. ✓

1.2.3 BESPREEK DIE ONMIDDELLIKE BEHANDELING VIR SKEENBEENSPLINTERS

NOTA:

- Kandidate moet die onmiddellike behandeling vir skeenbeensplinters bespreek
- Geen punte mag toegeken word as die akroniem RYKE genoem is maar nie bespreek nie

Verwagte reaksies:

- Rus
- Ys
- Kompressie
- Elevasie
- Hitte

Enige ander relevante antwoorde in verband met die onmiddellike behandeling van skeenbeensplinters

(4)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- Rus en stop alle aktiwiteite om verdere skade te vermy. ✓
- Plaas ys op die skene om swelling en inflammasie te verminder. ✓
- Verbind die skene om swelling te verminder en ondersteuning te verskaf. ✓
- Eleveer die bene om goeie bloed sirkulasie aan te moedig en om die opdam van bloed te vermy. ✓

1.2.4 IDENTIFISEER DRIE OEFENINGE OM FIKSHEID TE BEHOU TYDENS HERSTELLING VAN SKEENBEENSPLINTERS

NOTA:

- Kandidate mag spesifieke oefeninge in hul antwoorde identifiseer. Bv.: opsitte ('situps')
- As meer as DRIE oefeninge/aktiwiteite verskaf word, merk slegs die eerste DRIE

Verwagte reaksies:

- Nie-gewigdraende oefeninge
- Statiese strekking
- Pilates
- Yoga
- Swem
- Kern oefeninge

Enige ander relevante antwoorde wat verband hou met hoe om fiksheid te behou tydens herstelling van skeenbeensplinters

(3)

OF

1.3.1 DEFINIEER TENDONITIS

Verwagte reaksies:

- Inflammasie van tendons

Enige ander relevante antwoorde in verband met die definisie van tendonitis

(1)

1.3.2 VERDUIDELIK HOE SWAK TEGNIEK TENDONITIS VEROORSAAK

NOTA:

- Moet nie punte vir algemene oorsake van beserings toeken nie. Antwoorde moet verband hou met hoe swak tegniek wat tendonitis veroorsaak
- Kandidate mag dalk in hul antwoorde na 'n spesifieke area in die liggaam verwys of nie
- Kandidate moet verduidelik hoe swaktegniek tendonitis veroorsaak. Moet nie punte vir 'n lys toeken nie

Verwagte reaksies:

- Toepassing van tegniek
- Oordoen/ooroefen
- Fisiese/strukturele beperkings
- Opwarming en afkoeling
- Toewyding

Enige ander relevante antwoorde wat verband hou met hoe swak tegniek tendonitis veroorsaak

(3)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- Om nie die liggaam se beperking te verstaan nie en plaas onnodige druk op die gewigte en senings. ✓
- Om nie die knieë te buig wanneer daar vanaf 'n sprong geland word nie om die skok te absorbeer. ✓

1.3.3 BESPREEK DIE ONMIDDELLIKE BEHANDELING VAN TENDONITIS

NOTA:

- Kandidate moet die behandeling vir tendonitis bespreek
- Geen punte mag toegeken word as die akroniem RYKE genoem is maar nie bespreek nie

Verwagte reaksies:

- Rus
- Ys
- Kompressie
- Elevasie
- Hitte

Enige ander relevante antwoorde in verband met die onmiddellike behandeling van tendonitis

(4)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- Rus en stop alle aktiwiteite om verdere skade te vermy. ✓
- Plaas ys op die skene om swelling en inflammasie te verminder. ✓
- Verbind die skene om swelling te verminder en ondersteuning te verskaf. ✓
- Eleveer die bene om goeie bloed sirkulasie aan te moedig en om die opdam van bloed te vermy. ✓

1.3.4 IDENTIFISEER DRIE UITDAGINGS NA HERSTELLING VAN TENDONITIS**NOTA:**

- Kandidate mag kort/een-woord reaksies verskaf. Bv.: depressie, stywe spiere
- As meer as DRIE uitdagings verskaf word, merk slegs die eerste DRIE

Verwagte reaksies:

- Fiksheid/kondisionering
- Tegniek
- Uitvoeringskwaliteit
- Geesgesondheid
- Herroep

Enige ander relevante antwoorde in verband met uitdagings wanneer daar na 'n besering terug na klas gekeer word

(3)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- Ek sal nie hoe vlakke van fiksheid het nie omdat ek nie vir 'n tydperk gedans het nie. ✓
- Ek sal nie die werk/oefeninge ken nie. ✓
- Ek sal nie selfvertroue het wanneer ek voor my klasmaats dans nie. ✓

[15]

VRAAG 2: KOMPONENTE VAN FIKSHEID

LAE VLAK	2.1	Voltooi	5 punte
MEDIUM VLAK	2.2.1	Verduideliking	3 punte
	2.2.2	Beskrywing	4 punte
HOËVLAK	2.2.3	Bespreking	5 punte
	2.2.4	Verduideliking	3 punte

	INHOUD VIR ASSESSERING	DENKPROSES Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord
2.1	Komponente van fiksheid	1. Herroep
2.2.1	Soepelheid en dansuitvoering	1. Herroep 2. Pas begrip van die effek van soepelheid aan uitvoering toe 3. Substansieer antwoorde
2.2.2	Dinamiese en statiese strekking	1. Herroep 2. Kies 'n toepaslike oefening 3. Verskaf 'n beskrywing
2.2.3	Soepelheid en spierkrag	1. Herroep 2. Pas begrip oor 'n balans tussen soepelheid en spierkrag skep toe 3. Substansieer met voorbeelde
2.2.4	Kernstabiliteit en ratsheid	1. Herroep 2. Pas begrip van hoe kernstabiliteit verband hou met ratsheid toe 3. Pas begrip van die effekte aan uitvoering toe

2.1 VOLTOOI SINNE

Verwagte reaksies:

- 2.1.1 Soepelheid (1)
- 2.1.2 Spierkrag (1)
- 2.1.3 Kernstabiliteit (1)
- 2.1.4 Neuromuskulêre vaardighede (1)
- 2.1.5 Uithouvermoë/kardiovaskulêre uithouvermoë/stamina/spieruithouvermoë (1)

2.2.1 VERDUIDELIK HOE SOEPELHEID BYDRAE TOT DANSUITVOERING LEWER

Verwagte reaksies:

- Bewegingskwaliteit
- Danstegniek
- Bewegingskompleksiteit
- Omvang van beweging
- Opvoeringskwaliteit

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe soepelheid bydrae tot dansuitvoering lewer

(3)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- Om goeie ontwikkelde soepelheid te hê laat dit 'n danser toe om verskillende bewegings uit te voer wat hul uitvoering meer interessant laat lyk. ✓
- Soepelheid laat dansers toe om verskillende vorme en lyne met hul liggame te maak wat die kompleksiteit van hul bewegings in hul opvoering sal verhoog. ✓

2.2.2 BESKRYF EEN DINAMIESE EN EEN STATIESE STREK OM SOEPELHEID TE ONTWIKKEL

NOTA:

- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Geen punte mag vir die noem van oefeninge toegeken word nie, kandidate moet die oefening beskryf

Verwagte reaksies:

Dinamiese strek oefening

- Beenskoppe/grand battement
- Lons
- Beenswaaie
- Armsirkels

Enige ander relevante antwoorde wat verband hou met dinamiese strekking

Statiese strek oefening

- Vooraf buiging
- Sywaartse buiging
- Bystand strekking

Enige ander relevante antwoorde wat verband hou met statiese strekking (2 x 2) (4)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- Dinamies: Begin met jou voete langs mekaar te staan, skop die regte been vorentoe en bring dit terug na die begin posisie. ✓ Herhaal hierdie skop aksie sywaarts en na die agterkant op al twee kante. ✓
- Staties: Staen en vou jou bo-liggaam vorentoe, strek die hande na die voete. ✓ Buig die knieë liggies, en strek hulle om die strek te verdiep. ✓

2.2.3 BESPREEK DIE BELANGRIKHEID VAN 'N BALANS TUSSEN SOEPELHEID EN KRAG TE SKEP OM TEGNIEK TE VERBETER

NOTA:

- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid voorbeelde/idees verskaf en sommige reaksies sal nie in die handboek verskyn nie
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die antwoord te bepaal
- Geen regmerke moet gebruik word nie
- Plaas die hele antwoord tussen hakies aan die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die volle antwoord gelees is
- Antwoorde moet 'n verband hou met die balanseer van soepelheid en krag-bou oefeninge om danstegniek te verbeter

Verwagte reaksies:

- Beserings voorkoming
- Posisies te behou
- Bewegings te beheer
- Omvang van beweging
- Bewegingskwaliteit

Enige ander antwoorde wat verband hou met die balanseer van soepelheid en krag-bou oefeninge om danstegniek te verbeter

(5)

NASIENRUBRIEK:

4–5	<ul style="list-style-type: none"> • In-diepte begrip van die belangrikheid om balans te skep tussen soepelheid en krag-bou oefeninge om danstegniek te verbeter • Kan 'n vele verskeidenheid gesubstantiveerde voorbeelde verskaf
2–3	<ul style="list-style-type: none"> • Goeie/voldoende begrip van die belangrikheid om balans te skep tussen soepelheid en krag-bou oefeninge om danstegniek te verbeter • Kan 'n paar voorbeelde verskaf
0–1	<ul style="list-style-type: none"> • Minimaal/geen begrip van die belangrikheid om balans te skep tussen soepelheid en krag-bou oefeninge om danstegniek te verbeter nie • Minimaal/geen vermoë om voorbeelde te verskaf nie

Voorbeeld van 'n antwoord:

Goeie ontwikkelde soepelheid sonder krag sal in 'n gebrek aan beheer oor bewegings veroorsaak. Byvoorbeeld die danser sal nie die been wat van 'n skop afkom beheer nie. Goeie krag sonder soepelheid sal die omvang van beweging in die gewigte beperk daarom sal die danser sukkel om die agterkant van die knieë in 'n arabesque te strek. Om 'n balans tussen soepelheid en krag te hê sal dit die liggaam toelaat om kompleks bewegings met beheer en gemak uit te voer. 'n Danser benodig om oordadige krag te ontwikkel om sterk genoeg te wees om 'n maat te vas te hou, maar sal ook op soepelheid oefeninge moet fokus om seker te maak dat die oplig beweging veilig en moeiteloos uitgevoer word. 'n Gebrek aan gebalanseerde krag en soepelheid kan na onbeheerde bewegings en slordige tegniek lei wat beserings kan veroorsaak.

2.2.3 VERDUIDELIK HOE KERNSTABILITEIT BYDRAE TOT RATSHEID LEWER IN 'N DANSOPVOERING

Verwagte reaksies:

- Danstegniek
- Passies oor ruimte heen
- Rigtingverandering
- Vinnige oorgange
- Beheer
- Koördinasie en balans

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe kernstabiliteit bydrae tot ratsheid in 'n dansuitvoering lewer

(3)

Voorbeeld van 'n antwoord:

Goeie kernstabiliteit tydens rigting verandering maak dat 'n danser se bewegings meer rats en moeiteloos lyk. ✓ 'n Sterk kern help om goeie belyning tydens die beweging in verskillende rigtings te handhaaf en help om bewegings met die korrekte tegniek uit te voer. ✓ 'n Sterk kern help met vinnige oorgange sonder om balans te verloor. ✓

[20]

VRAAG 3: ALGEMENE GESONDHEIDSORG

MEDIUM VLAK	Herroeping	7 punte
HOËVLAK	Ontwerp	3 punte

	INHOUD VIR ASSESSERING	DENKPROSES Stappe wat kandidaat moet volg om te antwoord
3	Ontspanningstegnieke, gees en fisiese voordele van ontspanningstegnieke	Inhoud: 1. Herroep 2. Trek relevante inligting uit Ontwerp: 1. Aanleg/organisasie 2. Kreatiwiteit 3. Visuele impak

3. ONTWERP 'n STROOIBILJET

NOTA:

- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Kandidaat mag 'n wye verskeidenheid voorbeelde/idees verskaf en sommige reaksies sal nie in die handboek verskyn nie
- Kandidaat kan meer oor een kolpunt as die ander skryf
- Alle punte moet ingesluit word om volpunte toe te ken
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die antwoord te bepaal
- Geen regmerke moet gebruik word nie
- Plaas die hele antwoord tussen hakies aan die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die volle antwoord gelees is
- Skryf die punte wat toegeken word volgens die opskrifte in die nasienrubriek, aan die begin of aan die einde van die antwoord, afhangende van die spasie wat beskikbaar is
Bv.: Inligting = 7
Formaat = 3

Verwagte reaksies:

Ontspanningstegnieke

- Asemhaling oefeninge
- Visualisering
- Strekking
- Yoga
- Meditasie

Enige ander relevante antwoorde in verband met ontspanningstegnieke

Fisiese voordele

- Konsentrasie en fokus
- Verlos spanning in die spiere, seer en pyn
- Verhoogte mobiliteit
- Kans om pret te hê

Enige ander relevante antwoorde in verband met fisiese voordele van ontspanningstegnieke

Geestesvoordele

- Konsentrasie en fokus
- Geestes duidelikheid
- Kalmte, verminder stres, verminder angs
- Sosiale verbindings, bou verhoudings
- Kans om pret te hê

Enige ander relevante antwoorde in verband met geestesvoordele van ontspanningstegnieke

Formaat:

- Ontwerp
- Aanleg/organisasie
- Kreatiwiteit

(10)

NASIENRUBRIEK:

Inligting	6–7	<ul style="list-style-type: none"> • In-diepte kennis van ontspanningstegnieke • Toon 'n in-diepte begrip van fisiese en geestesvoordele • Kan inligting organiseer
	3–5	<ul style="list-style-type: none"> • Goeie/voldoende kennis van ontspanningstegnieke • Toon 'n goeie/voldoende begrip van fisiese en geestesvoordele • Kan inligting organiseer
	0–2	<ul style="list-style-type: none"> • Minimaal/geen kennis van ontspanningstegnieke nie • Toon minimaal/geen begrip van fisiese en geestesvoordele nie • Minimaal/geen vermoë om inligting te organiseer nie
Formaat	3	• Uitstekende kreatiwiteit, aanleg en visuele impak
	1–2	• Voldoende kreatiwiteit, aanleg en visuele impak
	0	• Geen kreatiwiteit, aanleg en visuele impak nie

[10]

VRAAG 4: DANSOPVOERING/-UITVOERING

LAE VLAK	4.1.1	Verduideliking	2 punte
	4.1.2	Verduideliking	2 punte
MEDIUM VLAK	4.2.2	Bespreking	3 punte
	4.2.1	Verduideliking	3 punte
HOË VLAK	4.3	Evaluering	5 punte

	INHOUD VIR ASSESSERING	DENKPROSES Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord
4.1.1	Danstegniek: gebruik van die kop	1. Herroep 2. Verskaf 'n verduideliking
4.1.2	Danstegniek: gebruik van die arms	1. Herroep 2. Verskaf 'n verduideliking
4.2.1	Musikaliteit	1. Herroep 2. Pas begrip van musikaliteit se effek op uitvoering toe
4.2.2	Musikaliteit	1. Herroep 2. Bespreek hoe om te ontwikkel
4.3	Liggaam as instrument vir uitdrukking	1. Lees vir begrip 2. Herroep 3. Evalueer hoe die liggaam as instrument gebruik is

4.1.1 VERDUIDELIK HOE DIE GEBRUIK VAN DIE KOP HELP OM BEWEGINGS UIT TE VOER

NOTA:

- Kandidate moet beskryf hoe die gebruik van die kop help om bewegings uit te voer
- Kandidate mag hul reaksies aan hul hoofdansvorm verbind of nie

Verwagte reaksies:

- Rigting/spotting
- Fokus
- Balans
- Beheer

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe die kop gebruik word om bewegings uit te voer

(2)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- Deur jou oë en kop te gebruik om in draaie te spot sal dit jou help om die beweging korrek uit te voer. ✓
- Deur oogfokus te behou tydens passies wat oor ruimte heen gemaak word, verseker dat dansers in die korrekte rigting beweeg. ✓

4.1.2 VERDUIDELIK HOE DIE GEBRUIK VAN DIE ARMS HELP OM BEWEGINGS UIT TE VOER

NOTA:

- Kandidate moet beskryf hoe die gebruik van die arms help om bewegings uit te voer
- Kandidate mag hul reaksies aan hul hoofdansvorm verbind of nie

Verwagte reaksies:

- Balans
- Beheer
- Ondersteuning/krag
- Paar werk
- Momentum

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe die arms gebruik word om bewegings uit te voer

(2)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- As 'n danser hul arms korrek tydens opvoering gebruik, sal hulle balans kan handhaaf. ✓
- 'n Danser sal hul hande plat op die grond moet plaas wanneer hulle 'n skuiwing uit voer sodat hulle meer krag sal hê om die liggaam van die vloer op te lig. ✓

4.2.1 VERDUIDELIK HOE 'N GEBREK AAN MUSIKALITEIT DANSUITVOERING AFFEKTEER

Verwagte reaksies:

- Interpretasie
- Tema/bedoeling
- Emosie
- Tydberekening
- Ritme
- Dinamika

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe 'n gebrek aan musikaliteit 'n dansuitvoering affekteer.

(3)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- 'n Gebrek aan musikaliteit kan 'n dansuitvoering affekteer omdat die dansers nie die verskillende klankkwaliteite in die musiek kan interpreteer nie.
- As 'n danser 'n gebrek aan musikaliteit het, mag hulle dalk nie die emosie van die uitvoering uitbeeld nie. ✓
- As 'n danser nie goeie ontwikkelde musikaliteit het nie, sal hulle nie die bedoeling van die danswerk suksesvol kan oordra nie. ✓

2.2.2 BESPREEK HOE OM MUSIKALITEIT TE ONTWIKKEL

Verwagte reaksies:

- Musiek genres
- Spoed
- Dinamika
- Ritmes
- Melodies
- Instrumentasie/begeleiding

Enige ander relevante antwoorde in verband met die ontwikkeling van musikaliteit

(3)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- 'n Danser kan musikaliteit ontwikkel deur eerste die ritme van die musiek te klap. ✓
- 'n Danser kan musikaliteit ontwikkel deur na baie genres van musiek te luister en hul bewegings aan te pas om by die genre te pas. ✓
- Om musiek met verskeie tempi te gebruik, kan musikaliteit in 'n danser ontwikkel word want hulle sal hul bewegings moet aanpas om by die verskeie spoed te pas. ✓

4.3 EVALUEER HOE DIE LIGGAAM VIR UITDRUKKING GEBRUIK WORD

NOTA:

- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid voorbeelde/idees verskaf en sommige reaksies sal nie in die handboek verskyn nie
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die antwoord te bepaal
- Geen regmerke moet gebruik word nie
- Plaas die hele antwoord tussen hakies aan die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die volle antwoord gelees is

Verwagte reaksies:

- Funksies van dans
- Teenwoordigheid/projekisie
- Danselemente/choreografiese strukture
- Bewegingskwaliteit
- Gesiguitdrukings/gebare

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe die liggaam vir uitdrukking gebruik word

(5)

Voorbeeld van 'n antwoord:

Dans kan gebruik word om emosies uit te beeld sonder om woorde te gebruik. Sommige mense is nie in staat om hulle gedagtes en idees te 'praat' nie en verkies om hul liggame as 'n instrument van kommunikasie te gebruik. As 'n choreograaf 'n danswerk oor liefde skep, kan die bewegingskwaliteit sagte bewegings reflekteer om te verseker dat die intensie van die danswerk aan die gehoor verskyn. 'n Choreograaf kan dansers wat in mekaar in 'n klein spasie ingevleg is, gebruik om 'n idee van eenheid te verteenwoordig. Dansers gebruik gesiguitdrukings, gebare en bewegings om betekenis deur hul liggame oor te dra. In kompetisies, kan dans gebruik word om mag oor hul opponent wat in Hip Hop stryde gesien kan word uit te beeld. In sosiale omstandighede kan mense hul gelukkigheid en samehorigheid uitbeeld en dans ook as 'n instrument van aktivisme gebruik. Dus kan dans as 'n fisiese taal wat mense al om die wêreld verbind, gesien word.

NASIENRUBRIEK:

4–5	<ul style="list-style-type: none"> • In-diepte begrip van hoe die liggaam as 'n instrument van uitdrukking gebruik word. • Verskaf gesubstantiveerde voorbeelde
2–3	<ul style="list-style-type: none"> • Goeie begrip van hoe die liggaam as 'n instrument van uitdrukking gebruik word. • Verskaf voorbeelde
0–1	<ul style="list-style-type: none"> • Minimaal/geen begrip van hoe die liggaam as 'n instrument van uitdrukking gebruik word nie. • Mag/Mag nie voorbeelde verskaf nie

[15]

TOTAAL AFDELING A: 60

AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID

VRAAG 5: IMPROVISASIE EN CHOREOGRAFIE

LAE VLAK	5.1	Kies	5 punte
	5.2.1	Definiëring	1 punte
MEDIUM VLAK	5.2.2	Lys	4 punte
	5.2.3	Verduideliking	8 punte
	5.3	Beskrywing	7 punte
	5.4	OF Beskrywing	7 punte

	INHOUD VIR ASSESSERING	DENKPROSES Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord
5.1	Choreografie: terminologie	1. Herroep
5.2.1	Improvisasie	1. Herroep
5.2.2	Improvisasie: Vaardighede en waardes	1. Herroep
5.2.3	Improvisasie: Voordele	1. Herroep 2. Pas begrip aan voordele toe
5.3	Danselemente en choreografiese strukture	1. Herroep 2. Analiseer die foto 3. Pas begrip op die foto toe
5.4	Danselemente en choreografiese strukture	1. Herroep 2. Analiseer die foto 3. Pas begrip op die foto toe

5.1 KIES TERME

Verwagte reaksies:

- 5.1.1 Verhalende choreografie (1)
- 5.1.2 Stimulus/gebare (1)
- 5.1.3 Multidissiplinêre (1)
- 5.1.4 Gebare (1)
- 5.1.5 Dans samesmelting (1)

5.2.1 DEFINIEER IMPROVISASIE

Verwagte reaksies:

- Om beweging te skep in reaksie op 'n stimulus
 - Onbeplande, spontaan beweging
- Enige ander relevante antwoord in verband met die definisie van improvisasie (1)

5.2.2 LYS VIER VAARDIGHEDE EN/OF WAARDES

NOTA:

- As meer as VIER vaardighede en/of waardes verskaf word, merk slegs die eerste VIER

Verwagte reaksies:

- Kreatiwiteit
- Vertroue
- Kommunikasie
- Probleem oplossing
- Samewerking
- Respek
- Betroubaarheid
- Verantwoordelikheid
- Tydsbestuur

Enige ander relevante antwoorde in verband met die vaardighede en/of waardes wat deur improvisasie ontwikkel word

(4)

5.2.3 VERDUIDELIK VOORDELE VAN VAARDIGHEDE EN/OF WAARDES

NOTA:

- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Al DRIE kolpunte moet aangespreek word om volpunte toe te ken
- Kandidate kan meer oor een kolpunt as die ander skryf
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die antwoord te bepaal
- Geen regmerke moet gebruik word nie
- Plaas die hele antwoord tussen hakies aan die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die volle antwoord gelees is

Verwagte reaksies:

- Verduideliking van die voordele van die VIER vaardighede en/of waardes gelys in VRAAG 5.2.2.

(8)

Voorbeeld van 'n antwoord:

Om te leer hoe om 'n beter mededeler te word, het my gehelp om aktief na ander te luister, en toepaslik te reageer. Hierdie vaardigheid sal nuttig in die werksplek wees want ek sal goed onder druk en as deel van 'n span kan werk. Kommunikasie laat my toe om met ander my idees en opinies met self vertroue te deel. Ek het om op my voete kreatief te dink geleer wat my elke dag sal help om in situasies waar omstandighede verander aan te pas en om besluite in die oomblik te maak. In die samelewing word ons gekonfronteer met onverwagte struikelblokke soos die energie krisis en die vaardigheid van probleem-oplossing sal my toelaat om 'n manier rond om hierdie struikelblok te vind en meer vernuftig te word.

NASIENRUBRIEK:

KRITERIA	
7–8	<ul style="list-style-type: none"> In-diepte begrip van die voordele van die vaardighede en/of waardes wat deur improvisasie ontwikkel word
5–6	<ul style="list-style-type: none"> Goeie begrip van die voordele van die vaardighede en/of waardes wat deur improvisasie ontwikkel word
3–4	<ul style="list-style-type: none"> Voldoende begrip van die voordele van die vaardighede en/of waardes wat deur improvisasie ontwikkel word
0–2	<ul style="list-style-type: none"> Minimaal/geen begrip van die voordele van die vaardighede en/of waardes wat deur improvisasie ontwikkel word nie

5.3 BESKRYF HOE BEWEGINGS IN DIE FOTO MANIPULEER KAN WORD DEUR DIE DANSELEMENTE EN CHOREOGRAFIESE STRUKTURE TE GEBRUIK

NOTA:

- Moet nie punte vir beskrywings van die danselemente en choreografiese strukture toe ken nie
- Antwoorde moet verband hou met die bewegings wat in die prent uitgevoer is

Verwagte reaksies:

Ruimte:

- Algemene ruimte/gedeelde ruimte
- Negatiewe ruimte
- Persoonlike ruimte
- Vlakke
- Rigting
- Paaie
- Vorm
- Patroon
- Grootte

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe die bewegings in die foto manipuleer kan word deur ruimte te gebruik

Tyd:

- Spoed/tempo
- Tydberekening verhoudings
- Repetisie
- Stilte
- Duur
- Unisoos-beweging
- Kanon
- Frasering
- Dinamika

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe die bewegings in die foto manipuleer kan word deur tyd te gebruik

Krag:

- Bewegingskwaliteit
- Dinamika
- Energie
- Aksent
- Gewig

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe die bewegings in die foto manipuleer kan word deur krag te gebruik

Choreografiese strukture:

- Kanon
- Unisoos-beweging
- Rondo
- Repetisie
- Stilte
- Kontak improvisasie
- Sekwensie

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe die bewegings in die foto manipuleer kan word deur choreografiese strukture te gebruik

(7)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- Ek sal ruimte gebruik deur die beweging te herhaal met al die dansers teenoor dieselfde rigting. ✓
- Ek sal die dansers laat ingevlegte vorms uitvoer om die negatiewe ruimte te vul. ✓
- Ek sal 'n reguit lyn vorm en die dansers sal dan die bewegings vinnig uitvoer ✓ en dan hul arms stadig laat sak, ✓ een op 'n slag om 'n kanon te skep. ✓
- Ek sal kontraste krag gebruik wanneer bewegings herhaal word. Die dansers op die lae vlak sal saggies beweeg ✓ terwyl die dansers op hoe vlak kragtig beweeg. ✓

OF**5.4 BESKRYF HOE BEWEGING IN DIE FOTO MANIPULEER KAN WORD DEUR DIE DANSELEMENTE EN CHOREOGRAFIESE STRUKTURE TE GEBRUIK****NOTA:**

- Moet nie punte vir beskrywings van die danselemente en choreografiese strukture toe ken nie
- Antwoorde moet verband hou met die bewegings wat in die prent uitgevoer is

Verwagte reaksies:**Ruimte:**

- Algemene ruimte/gedeelde ruimte
- Negatiewe ruimte
- Persoonlike ruimte
- Vlakke
- Rigting
- Paaie
- Vorm

- Patroon
- Grootte

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe die bewegings in die foto manipuleer kan word deur ruimte te gebruik

Tyd:

- Spoed/tempo
- Tydberekening verhoudings
- Repetisie
- Stilte
- Duur
- Unisoos-beweging
- Kanon
- Frasiering
- Dinamika

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe die bewegings in die foto manipuleer kan word deur tyd te gebruik

Krag:

- Bewegingskwaliteit
- Dinamika
- Energie
- Aksent
- Gewig

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe die bewegings in die foto manipuleer kan word deur krag te gebruik

Choreografiese strukture:

- Kanon
- Unisoos-beweging
- Rondo
- Repetisie
- Stilte
- Kontak improvisasie
- Sekwensie

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe die bewegings in die foto manipuleer kan word deur choreografiese strukture te gebruik

(7)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- Die dansers kan verby mekaar gaan om 'n verskillende ingevlegte vorm te skep. ✓
- Ek sal die dansers een vir een weg van mekaar laat draai om 'n kanon te skep ✓ en voort te gaan om die bewegings te herhaal deur hul arms bo hul koppe te lig. ✓
- Die dansers kan in 'n oplig beweeg waar een danser opgelig is om 'n asimmetriese posisie te vorm. ✓
- Albei dansers draai om vorentoe te kyk en doen die motief in unisoos. ✓ Hulle hou die posisie met hul arms bo hul koppe om 'n oomblik van stilte te skep. ✓

[25]

VRAAG 6: DANSGELETTERDHEID

LAE VLAK	6.1	Dui aan	5 punte
MEDIUM VLAK	6.3	Skryf	5 punte
HOË VLAK	6.2	Bespreking	5 punte
	6.3	Skryf	10 punte

	INHOUD VIR ASSESSERING	DENKPROSES Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord
6.1	Teater en kulturele dansvorme	1. Herroep
6.2	Inheemse dans	1. Herroep 2. Reflekteer oor die waarde van Suid-Afrikaanse inheemse dans 3. Formuleer 'n opinie
6.3	Geskiedenis, ontwikkeling en toekoms van die hoofdansvorm	1. Herroep 2. Analiseer ontwikkeling 3. Formuleer 'n opinie

6.1 DUI AAN WAAR OF ONWAAR

Verwagte reaksies:

- 6.1.1 Onwaar (1)
- 6.1.2 Onwaar (1)
- 6.1.3 Waar (1)
- 6.1.4 Waar (1)
- 6.1.5 Waar (1)

6.2 BESPREEK DIE WAARDE VAN SUID-AFRIKAANSE INHEEMSE DANSE LEER

Verwagte reaksies:

Die volgende areas kan ingesluit word:

- Kultuur
- Respek
- Gemeenskap
- Eenheid
- Geskiedenis
- Tradisies

Enige relevante antwoorde in verband met die waarde van Suid- Afrikaanse inheemse danse leer

(5)

Voorbeeld van 'n antwoord:

- Om oor verskillende inheemse danse te leer gee dit leerders insig oor verskillende kulture. ✓
- Om Suid-Afrikaner te wees dink ek dat dit waardevol is om oor my land en sy geskiedenis te leer. ✓
- Suid-Afrikaanse inheemse danse leer leerders om respek vir mekaar se kulture te hê. ✓

6.3 SKRYF 'n OPSTEL OOR DIE HOOFDANSVORM

NOTA:

- Kandidate moet die oorsprong en ontwikkeling aanspreek en 'n opinie oor die toekoms van hul hoofdansvorm verskaf om volpunte toe te ken
- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die antwoord te bepaal
- Geen regmerke moet gebruik word nie
- Plaas die hele antwoord tussen hakies aan die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die volle antwoord gelees is

Verwagte reaksies:

Die volgende areas kan ingesluit word:

- Oorsprong
- Ontwikkeling
- Pioniers
- Beginsels
- Karaktereienskappe
- Danswerke
- Film
- Toegang
- Tegnologie
- Opvoerruimtes
- Multidissiplinêre

Enige ander relevante antwoorde in verband met die oorsprong, ontwikkeling en opinie oor die toekoms van die hoofdansvorm

(15)

Voorbeeld van 'n antwoord:

Destyds, nou en in die toekoms... 'n Opstel oor kontemporêre dans

Kontemporêre dans het in die 20ste eeu begin. Populêre dansvorme van die tydperk was klassieke ballet en vaudeville wat die gehoor weg van hul alledaagse lewens gevat het. Kontemporêre dans het begin as 'n rebels teen die streng reëls van klassieke ballet wat onrealistiese stories en romantiese sprokiesverhale uitgebeeld het. Kontemporêre kunstenaars van die tydperk wou werklikhede emosies deur dans uitbeeld en het van die streng reëls van klassieke ballet weggebreek.

Die vroeër pioniers van kontemporêre dans was Isadora Duncan, Loie Fuller, Ruth St Denis en Ted Shawn. Isadora Duncan het kaalvoet en kaalbene met los hare gedans wat daardie tyd vreemd was. Ruth St. Denis en Ted Shawn het 'n skool begin wat later deur Martha Graham bygewoon is. Martha Graham word as die moeder van kontemporêre dans beskou omdat sy 'n instrumentele rol in die kodifisering van kontemporêre dans gespeel het. Sy het ook haar eie tegniek gebaseer op die beginsel van 'sametrekking en vrylating' ontwikkel. Soos onderwysers geëksperimenteer het en hul eie werk ontwikkel, sal hul studente aan dit byvoeg en dit aanpas om hul eie persoonlike style te pas. In hierdie manier gaan kontemporêre dans voort en evolueer.

Vandag, het kontemporêre dans ontwikkel om verskillende genres/style in te sluit byvoorbeeld samesmelting. In Suid- Afrika het choreograwe soos Sylvia Glasser en Gregory Maqoma kontemporêre dans en Afrika dans samegesmelt om 'n nuwe genre te skep genoem Afrofusie/Afro-kontemporêre wat deur die hele wêreld versprei is. Deesdae word kontemporêre dans nie net op konvensionele opvoerruimtes uitgevoer nie, maar ook in publieke/terreinspesifieke opvoerruimtes. Tegnologie het ook 'n groot invloed op dans gehad in hedendaagse tye. Vir kontemporêre dans beteken dit dat werke multidissiplinêr geword het wat kunsvorme soos visuele kunste, ontwerp, drama, musiek en film kombineer. Dit het ook meer inklusief van verskillende gestremde liggame geword want kontemporêre dans breek grense asook om en die manier hoe mense dans sien, uit te daag.

In die toekoms sien ek kontemporêre dans as meer toeganklik want die internet laat ons toe om dans te leer, deel en skep asook om om met 'n globale dansgemeenskap te verbind.

NASIENRUBRIEK:

KRITERIA	
12–15	<ul style="list-style-type: none"> • In-diepte beskrywing van die oorsprong van die hoofdansvorm • In-diepte begrip van die ontwikkeling van die hoofdansvorm • Verskaf innoverende opinies oor die toekoms van die hoofdansvorm
9–11	<ul style="list-style-type: none"> • Goeie beskrywing van die oorsprong van die hoofdansvorm • Goeie begrip van die ontwikkeling van die hoofdansvorm • Verskaf relevante opinies oor die toekoms van die hoofdansvorm
6–8	<ul style="list-style-type: none"> • Voldoende beskrywing van die oorsprong van die hoofdansvorm • Voldoende begrip van die ontwikkeling van die hoofdansvorm • Verskaf sommige opinies oor die toekoms van die hoofdansvorm
0–5	<ul style="list-style-type: none"> • Minimaal/geen beskrywing van die oorsprong van die hoofdansvorm nie • Minimaal/geen begrip van die ontwikkeling van die hoofdansvorm nie • Verskaf minimaal/geen opinies oor die toekoms van die hoofdansvorm nie

[25]

VRAAG 7: DANSWERK

LAE	7.1.1	Verskaffing	4 punte
MEDIUM VLAK	7.1.2	Bespreking	4 punte
	7.1.4	Verduideliking	8 punte
HOË VLAK	7.1.3	Bespreking	3 punte
	7.2	Motivering	6 punte

	INHOUD VIR ASSESSERING	DENKPROSES Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord
7.1.1	Danswerk: sinopsis	1. Herroep
7.1.2	Danswerk: kostuums	1. Herroep 2. Verduidelik simboliek van kleur
7.1.3	Danswerk: musiek en/of begeleiding	1. Herroep 2. Formuleer 'n opinie 3. Gesubstantiveerde opinie
7.1.4	Danswerk: beligting, stel ontwerp en/of rekwisiete, simboliek	1. Herroep 2. Verduidelik simboliek
7.2	Danswerk: toepassing	1. Herroep 2. Formuleer 'n opinie 3. Gesubstantiveerde opinie

7.1.1 VERSKAF 'N SINOPSIS

Verwagte reaksies:

- Inspirasie
- Rede
- Bedoeling
- Oorsig van afdelings/toneelstukke

Enige ander relevante antwoorde in verband met die sinopsis/tema/storielyn

(4)

7.1.2 BESPREEK DIE ROL VAN KLEUR IN DIE KOSTUUMS

NOTA:

- Kandidate se antwoorde moet 'n verband hou met hoe kleur die tema/bedoeling van die danswerk ondersteun
- Moet nie punte vir slegs identifisering van kostuums toe ken nie

Verwagte reaksies:

- Bespreking van die rol van kleur van die kostuums in die gekose danswerk

(4)

Voorbeeld van 'n antwoord:**Lamentation:**

- In Lamentation dra die danser 'n diep rooi leotard en 'n pers buis daaroor. Die rooi kleur kan bloed suggereer wat die pyn wat die danser voel simboliseer. ✓
- Die rooi kleur mag ook suggereer dat die proses van rou soos om 'n oop wond te hê wat pynvol is en tyd gaan vat om te herstel. ✓
- Die pers kleur is dieselfde kleur van 'n kneusing wat voorstel dat die pyn van rou net soos 'n kneusing is. ✓
- Pers word ook as koninklik beskou en dit mag voorstel dat ongeag klas, alle mense rou. ✓

7.1.3 BESPREEK DIE IMPAK VAN DIE MUSIEK/BEGELEIDING OP DIE DANSWERK**NOTA:**

- Kandidate moet bespreek of die musiek en/of begeleiding 'n impak op die danswerk gehad het of nie
- Moet nie punte vir slegs verduideliking van die musiek/begeleiding toe ken nie

Verwagte reaksies:**Verband van musiek/begeleiding tot die dans insluitende:**

- Bui
- Genres/klank effekte
- Tempo
- Dinamika
- Struktuur

Enige ander relevante antwoorde in verband met of die musiek/begeleiding 'n impak op die danswerk gehad het of nie

(3)

Voorbeeld van 'n antwoord:**Ghost Dances:**

Die musiek het 'n impak op die dans gehad omdat Ghost Dances geskep was om eer te bring aan die mense van Chile wie die coup ervaar het. Die musiek het van 'n Chileense volksmusiek groep gekom, genoem, Inti -Illimani en sodoende die mense van Chile te eer. ✓ In die begin van Ghost Dances hoor jy die geluid van water wat drup wat maklik simbolies is van bloed wat drup van die mense van Chile wat sterf, hierdie ware realiteit was die impak op die danswerk. ✓ Die musiek komplimenteer die afdelings in Ghost Dances. Byvoorbeeld die gelukkige volksmusiek wat in die llama toneel gespeel is wys die spelerige verhouding tussen die jong meisie en die man. ✓

7.1.4 VERDUIDELIK OOR HOE BELIGTING, STEL ONTWERP EN/OF REKWISIETE DIE TEMA VAN DIE DANSWERK KOMMUNIKEER**NOTA:**

- Kandidate moet hoe die choreograaf die tema deur beligting, stel ontwerp en/of rekwisiete gekommunikeer het, verduidelik
- Moet nie punte vir lys/identifisering sonder om breedvoerige voorbeelde te verskaf, toeken nie
- Kandidate mag meer op een area as die ander skryf
- Alle areas moet ingesluit word om volpunte toe te ken

Verwagte reaksies:

Beligting:

- Ontwerp
- Kleur
- Spesiale effekte
- Projeksies

Stel ontwerp:

- Agtergrond/siklorama
- Tegnologie
- Opvoerruimtes: konvensioneel en nie-konvensionele ruimtes

Rekwisiete

Enige ander relevante antwoorde wat verwant hou met hoe die choreograaf beligting, stel ontwerp en/of rekwisiete gebruik het om die tema van die danswerk te kommunikeer

(8)

Voorbeeld van 'n antwoord:

Four Seasons

- Die beligting in die Winter seisoen is donker en mistroostig wat die koue en depressiewe staat wat mense mag voel gedurende die wintermaande suggereer. ✓
- Die stel ontwerp in die Winter seisoen wys 'n verval gebou wat op die siklorama geprojekteer word, wat simbolies van die chaotiese weer gedurende winter is. ✓
- Gedurende die Herfs toneel verander die beligting na 'n bruin, rooi en oranje toon wat die kleur van die bome gedurende hierdie tyd van die jaar verteenwoordig. ✓
- Daar is ook projeksies op die vloer van die verhoog wat soos krake lyk gedurende hierdie seisoen wat die droogte wat herfs bring, verteenwoordig. ✓
- In die Lente toneel sien ons die beligting verandering na verskeie helder kleure wat die kleurvolle blomme wat bloes gedurende die lente tyd simboliseer. ✓
- In die Somer toneel, verander die beligting na rooi wat die hitte van somer verteenwoordig. ✓
- Aan die einde van Somer, word 'n projeksie van Louis Armstrong se lied, 'What a Wonderful World' op die siklorama geprojekteer as 'n simboliese teken van hoop dat die wêreld globale verwarming sal veg. ✓
- Dit is ook simbolies van die idee dat as die wêreld saamstaan sal ons mekaar deur moeilike tye kan ondersteun. ✓

7.2 MOTIVEER DIE IMPAK VAN DIE DANSWERK

Verwagte reaksies:

Die volgende areas kan ingesluit word:

- Dansstyle/ genres
- Samesmelting
- Danstegniek
- Uitvoeringskwaliteit
- Danselemente
- Choreografiese strukture
- Musiek keuses
- Kreatiwiteit
- Funksie van dans

Enige ander relevante antwoord in verband met hoe die danswerk 'n impak gemaak het

(6)

Voorbeeld van 'n antwoord:**Revelations:**

Hierdie danswerk het my kennis van slawerny en hoe geloof 'n vertroosting vir mense wat trauma ervaar kan wees. ✓ Dit het my gehelp om vir my PAT voor te berei en my geleer dat die gebruik van rekwisiete 'n kragtige manier kan wees om die bedoeling van die danswerk te kommunikeer. ✓ Hierdie danswerk het ruimte en plasing op die verhoog baie goed gebruik. Ek was in staat om hierdie kennis te gebruik om my eie dansers te help met plasing op die verhoog ✓ asook om my dans te verfyn. ✓ Dit het my gehelp om vir my praktiese eksamen voor te berei omdat ek kon sien hoe uitvoeringskwaliteite deur professionele dansers gedemonstreer was. ✓ Ek is 'n ballet danser en alhoewel hierdie danswerk 'n kontemporêre danswerk is, was die beginsels van klassieke ballet in die danswerk, sigbaar. Dit het my gehelp in my begrip van hoe om die beginsels in my eie uitvoering te demonstreer. ✓

[25]

VRAAG 8: CHOREOGRAAF

LAE VLAK	Skryf	9 punte
MEDIUM VLAK	Skryf	6 punte

INHOUD VIR ASSESSERING	DENKPROSES
	Stappe wat kandidate moet volg om te antwoord
Choreograaf	<ol style="list-style-type: none"> 1. Herroep 2. Kies geskikte inligting vir die inleiding en invloede 3. Pas begrip van die effek die invloede op die choreografiese styl/danswerk het toe 4. Formuleer 'n toespraak

SKRYF 'N TOESPRAAK

NOTA:

- Kandidate moet die vermoë om te verduidelik hoe die invloede bydra aan die choreograaf se choreografiese styl gelewer het, demonstreer
- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Kandidate kan meer oor EEN kolpunt as die ander antwoord
- Alle kolpunte moet ingesluit word om volpunte toe te ken
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die antwoord te bepaal
- Geen regmerke moet gebruik word nie
- Plaas die hele antwoord tussen hakies aan die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die volle antwoord gelees is

Verwagte reaksies:

- Agtergrond
- Opleiding en dansloopbaan
- Bydrae tot dans in die samelewing
- Sosiale en/of politieke konteks
- Persoonlike invloede en/of samewerkings

(15)

Voorbeeld van 'n antwoord:

Goeie middag en welkom na die Jomba Dans Konferensie

Dit is vir my 'n eer om aan u die wel bekende choreograaf, Gregory Maqoma voor te stel. Maqoma was in 1793 gebore in 'n Suid-Afrikaanse dorpsgebied genoem Soweto. Hy het in die 1980s in sy gemeenskap begin dans as 'n manier om weg te breek van die politieke onrus van die tydperk. Sy formele opleiding het by *Moving Into Dance Mophatong* (MID) in 1990 begin onder die bestuur van Sylvia Glasser. Hy het toe 'n studiebeurs ontvang om by PARTS (Performing Arts Research and Training Studio), in Brussels, België te studeer. Hy is die stigter van 'n Afrika- Kontemporêre dansgeselskap genoem, *Vuyani Dance Company*. Hierdie geselskap het albei plaaslike en internasionale bevalling en het Suid- Afrikaanse dans op die internasionale verhoog geplaas. Maqoma het in baie universiteite al oor die wêreld onderrig en in hierdie manier versprei hy Suid-Afrikaanse dans globaal.

Sylvia Glasser, wie vir Maqoma geleer en mentor het, het 'n groot rol in sy choreografiese styl gespeel. Sy het Afrofusie gepionier wat Maqoma se benadering tot die samesmelting van verskillende danse beïnvloed het. Hy verwys na sy dansstyl as 'n mengeldrankie van genres wat style soos Afrika dans, kontemporêre dans, ballet en salsa inkorporeer soos gesien kan word in sy werk Four Seasons. Maqoma trek aan sosiale en politieke temas in sy werke soos kulturele rituele, omgewingskwessies en menslike houdings. He trek ook aan die ervare van sy dansers wanneer hy danswerke skep en betrek hulle in die skepping proses.

Klap hande vir Gregory Maqoma.

NASIENRUBRIEK:

KRITERIA	
12–15	<ul style="list-style-type: none"> In-diepte begrip van die choreograaf se agtergrond, opleiding/dansloopbaan en bydrae tot die samelewing Uitstekende vermoë om hoe die choreograaf se sosiale en/of politieke konteks, persoonlike invloede en/of samewerking die choreografiese styl en danswerke beïnvloed het, te verduidelik Uitstekende geskrewe aanbieding van 'n toespraak
9–11	<ul style="list-style-type: none"> Goeie begrip van die choreograaf se agtergrond, opleiding/dansloopbaan en bydrae tot die samelewing Goeie vermoë om hoe die choreograaf se sosiale en/of politieke konteks, persoonlike invloede en/of samewerking die choreografiese styl en danswerke beïnvloed het, te verduidelik Goeie geskrewe aanbieding van 'n toespraak
6–8	<ul style="list-style-type: none"> Voldoende/bepaalde begrip van die choreograaf se agtergrond, opleiding/dansloopbaan en bydrae tot die samelewing Voldoende/bepaalde vermoë om hoe die choreograaf se sosiale en/of politieke konteks, persoonlike invloede en/of samewerking die choreografiese styl en danswerke beïnvloed het, te verduidelik Voldoende/bepaalde geskrewe aanbieding van 'n toespraak
0–5	<ul style="list-style-type: none"> Minimaal/geen begrip van die choreograaf se agtergrond, opleiding/dansloopbaan en bydrae tot die samelewing nie Minimaal/geen vermoë om hoe die choreograaf se sosiale en/of politieke konteks, persoonlike invloede en/of samewerking die choreografiese styl en danswerke beïnvloed het, te verduidelik nie Minimaal/geen geskrewe aanbieding van 'n toespraak nie

[15]

TOTAAL AFDELING B: 90
GROOTTOTAAL: 150